

# SAWA Oos-Kaap



## Liewe Sawanante

So kom ons met 'n spoed in die middel van die jaar. Ons sien uit na die wintertoer, GROOT Algemene Jaar Vergadering en dan die somer wat om die draai is!

Hier is baie belangrike inligting aangaande die komende AJV wat die 4de tot die 6de Augustus plaasvind.

Let asseblief daarop dat ons streng volgens getalle moet werk vir die kamp **EN** die steak braai. Indien jou naam nie aan die bestuur deurgegee is nie, sal daar nie voorbereiding vir jou getref word nie.



## Wintertoer: 8 – 15 Julie 2017:

Toerlede, ons vertrek as alles verloop die oggend van 8 Julie 2017 om 7:00 vanaf Uitenhage. Ons kom weer op dieselfde plek as verlede jaar bymekaar. Af in Cuyler straat, verby die verkeersdepartement, oor die brug en by die eerste straat links. PE en Blue Horizon Bay se mense ontmoet ons 7:30 op die snelweg net na die Van Stadensbrug.

## Nieshoutkloof: 21 – 23 Julie 2017:

Tariewe vir die oord beloop R 160.00 per nag, maksimum 4 mense. Koste vir ekstra persone beloop @ R 50.00 per nag per persoon. Aangesien baie van ons bestuurslede die wintertoer meemaak laat weet asseblief so gou moontlik of julle Nieshoutkloof se kamp gaan bywoon.

## Gamtoos AJV: 4 – 6 Augustus 2017:

Aangeheg is die uitnodiging met inligting aangaande die steak braai die Saterdag na afloop van die vergadering. Hoop dat ons lede soos in die verlede net so lekker saam sal kuier! Notules en ander AJV korrespondensie sal op 'n latere stadium aan elkeen gestuur word.

## Tariewe as volg:

Woonwa: R 40.00 per nag  
Per persoon: R 40.00 per nag  
Per voertuig: R 20.00

## Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:

Ons kort asseblief die nodige getalle om met die oorde te reël. Ons word versoek om die oortollige staanplekke aan oorde te bevestig sodat dit aan buite persone beskikbaar gestel kan word. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord-kostes moet dra, slegs as ons minder lede is as wat bespreek is en die oord dit so vereis.

## Noodhulp tydens saamtrekke:

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asseblief Vrydagaand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Die lede weet dan waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

### Wapad en Webwerf:

Stuur asseblief u nuus/foto's vir Elzaan Le Roux vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting. Epos: [leroux.elzaan@gmail.com](mailto:leroux.elzaan@gmail.com) Sel: 071 873 0888

Baie van ons lede se kinders het ook mooi presteer en ons vra dat julle dit ook asseblief sal aanstuur dat ons so vir hulle ook die nodige erkenning kan gee.

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u'n harde kopie wil ontvang, moet u vir Elzaan of jou bestuurslid laat weet.

### Ledegeld:

U moet asseblief u ledegeld betyds in Nasionaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asseblief die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooie van R120 is betaalbaar. Ledegeld: Kontant = R340; Senior Burgers: Kontant = R330 Debietorders is R10 minder by elke groep. Agterstallige lede sal gekontak word om reëlings te tref vir betalings.



### Bedryfsfonds:

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand in Oos Kaap se rekening of by die kampeiers inbetaal.

### SAWA Kentekens:

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL.

**SAWA Oos Kaap Bestuur.**

